BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Dinsdag 30 Maart 1976 WINDHOEK Tuesday 30 March 1976 No. 3527

INHOUD

CONTENTS

*Bladsy/Page*

**ONTWERPORDONNANSIE:**

Ontwerpordonnansie op Voorkoming van Lugbesoedeling, 1976 .................................. 332

**DRAFT ORDINANCE:**

Atmospheric Pollution Prevention Draft Ordinance, 1976 333

---

## ONTWERPORDONNANSIE

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

**H. P. F. GOUS**
***Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.***

**Kantoor van die Administrateur,**
**Windhoek**

## DRAFT ORDINANCE

The following Draft Ordinance is published for general information.

**H. P. F. GOUS**
***Acting Secretary for South West Africa***

**Administrator's Office,**
**Windhoek.**

# ONTWERPORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die voorkoming van lugbesoedeling, en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkry en by boodskap van die Administrateur aan die Vergadering meegedeel, VERORDEN SOOS VOLG:-

Woordbepaling.

1. (1) In hierdie Ordonnansie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

(i) "Administrasie" die Administrasie van die Gebied; (i)

(ii) "bedryf" 'n bedryf binne die bedoeling van artikel 1 van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale 1968 (Ordonnansie 20 van 1968); (xxx)

(iii) "beheerde gebied" 'n gebied wat kragtens artikel 4 tot 'n beheerde gebied verklaar is; (iii)

(iv) "beste beskikbare metode", waar dit gebesig word met betrekking tot die voorkoming van die ontsnapping van skadelike of hinderlike gas of die verspreiding of suspensie van stof in die lug of die uitlating van dampe deur voertuie, ook die voorsiening en instandhouding van die nodige toestelle vir dié doel, die doeltreffende toesig oor en werking van daardie toestelle, en die aanwending van ander metodes wat, met inagneming van plaaslike toestande en omstandighede, die heersende omvang van tegniese kennis en die koste wat waarskynlik daaraan verbonde sal wees, redelikerwys uitvoerbaar en nodig is vir die beskerming van enige deel van die publiek teen die uitlating van giftige of skadelike gas, stof of sodanige dampe; (ii)

(v) "brandstof-verbruikende toestel" 'n oond, stoomketel of ander toestel wat ontwerp of

applicable, includes any person who, in terms of any authority granted to him under section 2(2) or (3) –

(a) assists the Director in the exercise of his powers and the performance of his duties and functions; or

(b) exercises or performs any power, duty or function of the Director; (vi)

(vi) "dust" means any solid matter in a fine or disintegrated form which is capable of being dispersed or suspended in the atmosphere; (xxiii)

(vii) "dwelling-house" means any building or other structure intended for use or used as a dwelling for a single family, and any outbuildings appurtenant thereto; (xxx)

(viii) "Executive Committee" means the Administrator-in-Executive-Committee referred to in section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 Act 39 of 1968); (xxv)

(ix) "explosives factory" means an explosives factory within the meaning of section 1 of the Explosives Act, 1956 (Act 26 of 1956); (vii)

(x) "fixed date", in relation to any area in respect of which a declaration has been made under section 10(1), means the date contemplated in that section, but in relation to any area which has under section 16(1) been declared a smoke control zone, means the date determined in terms of section 16(7); (xxvi)

(xi) "fuel burning appliance" means any furnace, boiler or other appliance designed to burn or capable of burning fuel, or used to dispose of any material by burning, or to subject fuel to any process whereby the application of heat is involved; (v)

(xii) "inspector" means an inspector appointed under section 2, and, where applicable, includes any person who, in terms of any authority granted to him under subsection (2) or (3) of that section, exercises or performs any power, duty or function of an inspector; (xii)

(xiii) "local authority" means a municipality or village management board or the Peri-

(xv) "perseel" 'n gebou of ander struktuur tesame met die grond waarop dit geleë is en enige aangrensende grond geokkupeer of gebruik in verband met enige bedrywighede wat in bedoelde gebou of struktuur voortgesit word, en ook grond sonder geboue of ander strukture en enige lokomotief, skip, boot of ander vaartuig wat binne die gebied van 'n stedelike plaaslike bestuur of in die omgewing van 'n hawe gebruik word of aanwesig is; (xvii)

(xvi) "plaaslike bestuur" 'n munisipaliteit of 'n dorpsbestuur of die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel ingevolge artikel 2 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970); (xiii)

(xvii) "registrasiesertifikaat" 'n registrasiesertifikaat kragtens artikel 6(2)(a)(i) of (3) of artikel 7(3) uitgereik; (xx)

(xviii) "rook" ook roet, gruis en gruiserige stofdeeltjies wat in rook uitgelaat word; (xxiv)

(xix) "Sekretaris" die Sekretaris van Suidwes-Afrika; (xxii)

(xx) "skadelike of hinderlike gas" enige van die volgende groepe verbindings wanneer dit in die vorm van gas is, te wete, koolwaterstowwe, alkohole; aldehides; ketone; eters; esters; fenole; organiese sure en hulle derivate; halogene; organiese stikstof-, swawel- en halogeenverbindings; siandes; siane; ammoniak en sy verbindings; anorganiese sure; dampe bevattende antimoon, arseen, berillium, chroom, kobalt, uranium, radon, kadmium, koper, lood, mangaan, kwik, vanadium of sink of hulle derivate; dampe van sementwerke en reuke vanaf suiweringsinstallasies, lymfabrieke, sementwerke en vleis-, vis- of walvisverwerkingsfabrieke; dampe bevattende yster, nikkel, aluminium, magnesium, molibdeen, titanium, wolfram, seleen, kalium, natrium, silikon en kalsium; fosfor en sy verbindings; koolstofmonoksied, asetileen en benseen; amiene; piridien en sy derivate; polisikliese koolwaterstowwe, rook, grint en stof; en enige ander gas, dampe of fynverdeelde stof wat die Uitvoerende Komitee vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie tot 'n skadelike of hinderlike gas verklaar, welke verklaring by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig moet word; en ook

Urban Development Board established under section 2 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970); (xvi)

(xiv) "mine" means a mine within the meaning of section 1 of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968 (Ordinance 20 of 1968); (xiii)

(xv) "noxious or offensive gas" means any of the following groups of compounds when in the form of gas, namely, hydrocarbons; alcohols; aldehydes; ketones; ethers; esters; phenols; organic acids and their derivatives; halogens; organic nitrogen, sulphur and halgens; organic nitrogen, sulphur and halogen compounds; cyanides; cyanogens; ammonia and its compounds; inorganic acids; fumes containing antimony, arsenic, beryllium, chromium, cobalt, uranium, radon, cadmium, copper, lead, manganese, mercury, vanadium or zinc, or their derivatives; cement works fumes and odours from purification plants, glue factories, cement works and meat, fish or whale processing factories; fumes containing iron, nickel, aluminium, magnesium, molybdenum, titanium, tungsten, selenium, potassium, sodium, silicon and calcuim; phosphorous and its compounds; carbon monoxide, acetylene and benzene; amines; pyridine and its derivatives; polycyclic hydrocarbons; smoke, grit and dust; and any other gas, fumes or particulate matter which the Executive Committee may declare to be a noxious or offensive gas for the purpose of this Ordinance, which declaration shall be promulgated by notice in the *Official Gazette;* and includes dust from asbestos treatment or mining in any controlled area which has not been declared a dust control area in terms of section 23; (xx)

(xvi) "occupier", in relation to any premises, means the occupier of those premises or of any particular part thereof, as the circumstances may require; (xiv)

(xvii) "premises" means any building or other structure together with the land on which it is situated and any adjoining land occupied or used in connection with any activities carried on in such building or structure, and includes any land without any buildings or other structures and any

stof afkomstig van die verwerking van of myn vir asbes in 'n beheerde gebied wat nie kragtens artikel 23 tot 'n stofbeheergebied verklaar is nie; (xv)

(xxi) "stadsklerk" die administratiewe hoofamptenaar van 'n stedelike plaaslike bestuur; (xxviii)

(xxii) "stedelike plaaslike bestuur" 'n plaaslike bestuur in Bylae 3 vermeld; (xxix)

(xxiii) "stof" enige vaste stof in fyn of verbrokkelde vorm wat in die lug versprei kan word of in suspensie aanwesig kan wees; (vi)

(xxiv) "swart rook" rook wat indien dit op die voorgeskrewe wyse vergelyk word met 'n kaart van die soort in Bylae 1 uiteengesit, blyk van 'n kleur te wees wat nie ligter as tint 2 op daardie kaart is nie; (iv)

(xxv) "Uitvoerende Komitee" die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee bedoel in artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968); (viii)

(xxvi) "vasgestelde datum", met betrekking tot 'n gebied ten opsigte waarvan 'n verklaring kragtens artikel 10(1) gedoen is, die datum in genoemde artikel bedoel, maar met betrekking tot 'n gebied wat kragtens artikel 16(1) tot 'n rookbeheerstreek verklaar is, die datum ingevolge artikel 16(7) bepaal; (x)

(xxvii) "verkoop", wanneer dit as 'n werkwoord gebruik word, ook vir verkoop aanbied, adverteer, hou, uitstal, versend, stuur, vervoer of lewer, of verruil, of op enigerlei wyse, hetsy teen 'n teenprestasie of andersins, aan iemand van die hand sit; en het "verkoop", wanneer dit as 'n naamwoord gebruik word, 'n ooreenstemmende betekenis; (xxiii)

(xxviii) "voorgeskryf" deur of kragtens hierdie Ordonnansie voorgeskryf; (xviii)

(xxix) "voorlopige registrasiesertifikaat" 'n voorlopige registrasiesertifikaat kragtens artikel 6(2)(b)(i) of (3) uitgereik; (xix)

(xxx) "woning" 'n gebou of ander struktuur wat vir gebruik bestem is of gebruik word as 'n woning vir 'n enkele gesin, en enige daarby behorende buitegeboue. (vii)

locomotive, ship, boat or other vessel which is operated or is present within the area of an urban local authority or the precincts of any harbour; (xv)

(xviii) "prescribed" means prescribed by or under this Ordinance; (xxviii)

(xix) "provisional registration certificate" means a provisional registration certificate issued under section 6(2)(b)(i) or (3); (xxix)

(xx) "registration crtificate" means a registration certificate issued under section 6(2)(a)(i) or (3) or section 7(3); (xvii)

(xxi) "scheduled process" means any works or process specified in Schedule 2; (xi)

(xxii) "Secretary" means the Secretary for South West Africa; (xix)

(xxiii) "sell" includes offer, advertise, keep, display, transmit, consign, convey or deliver for sale, or exchange, or dispose of to any person in any manner, whether for a consideration or otherwise; and "selling" and "sale" have corresponding meanings; (xxvii)

(xxiv) "smoke" includes soot, grit and gritty particles emitted in smoke; (xviii)

(xxv) "Territory" means the Territory of South West Africa; (viii)

(xxvi) "Territory Revenue Fund" means the Territory Revenue Fund referred to in section 31 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968); (ix)

(xxvii) "this Ordinance" includes any regulation made thereunder; (x)

(xxviii) "town clerk" means the chief administrative officer of an urban local authority; (xxi)

(xxix) "urban local authority" means any local authority specified in Schedule 3; (xxii)

(xxx) "works" means works within the meaning of section 1 of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968 (Ordinance 20 of 1968). (ii)

(2) (a) Die Uitvoerende Komitee kan —

(i) Bylae 2 wysig deur enige proses of bedryf daarby in te sluit of daarvan uit te sluit of op enige ander wyse na hy goedvind;

(ii) Bylae 3 wysig deur die naam van enige plaaslike bestuur daarby in te sluit of daarvan uit te sluit.

(b) Enige sodanige wysiging van Bylae 2 of 3 word by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig.

## DEEL I.

## AANSTELLING EN BEVOEGDHEDE VAN BEAMPTES.

Aanstelling van inspekteurs en ander persone.

2. (1) (a) Die Uitvoerende Komitee kan, met inagneming van die bepalings van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957), en die Administrasiewerknemersordonnansie 1957 (Ordonnansie 17 van 1957), die persone wat hy nodig en geskik ag aanstel as inspekteurs ingevolge hierdie Ordonnansie.

(b) Daar word aan elke inspekteur 'n sertifikaat verstrek wat deur die Direkteur onderteken is en waarin vermeld word dat hy aangestel is om as 'n inspekteur ingevolge hierdie Ordonnansie op te tree.

(2) (a) Die Sekretaris kan op aanbeveling van die Direkteur, 'n persoon magtig om, onderworpe aan die voorskrifte van die Direkteur —

(i) die Direkteur by te staan by die uitoefening van sy bevoegdhede en verrigting van sy pligte en werksaamhede;

(ii) alle bevoegdhede, pligte en werksaamhede van die Direkteur of 'n inspekteur ingevolge hierdie Ordonnansie, of soveel daarvan soos die Sekretaris op aanbeveling van die Direkteur bepaal, uit te oefen of te verrig.

(b) Daar word aan 'n aldus gemagtigde persoon 'n sertifikaat verstrek wat deur die Direkteur onderteken is en waarin die bevoegdhede, pligte en werksaamhede wat bedoelde persoon kan uitoefen en verrig, uiteengesit word.

(3) (a) Die Direkteur kan, met goedkeuring van die Uitvoerende Komitee en die betrokke stedelike plaaslike bestuur, 'n bevoegde persoon in die diens van 'n stedelike plaaslike bestuur magtig

performance of his duties or functions in terms of this section; or

(c) refuses or fails to comply to the best of his ability with any lawful requirement of the Director or an inspector in the exercise of such powers or the performance of such duties or functions; or

(d) hinders or obstructs the Director or an inspector in the exercise of such powers or the performance of such duties or functions,

shall be guilty of an offence.

(4) Whenever the Director or an inspector or an urban local authority or any person in the service of an urban local authority is alleged to have caused damage to any person or to have damaged any property or in any other manner to have detrimentally affected the rights of any person, whether in respect of property or otherwise, in the exercise of any power or the performance of any duty or function in terms of this Ordinance, it shall be a defence in any legal proceedings founded on such allegation and brought against the Administration, the Director or any such inspector or urban local authority or person that the Director or such inspector, urban local authority or person has used the best known or the only or most practicable available methods and has not acted in a negligent manner in the exercise or performance of the power, duty or function aforesaid, and a certificate signed by the Secretary to the effect that, having regard to all the circumstances, the defendant or respondent has used the best known or the only or the most practicable available methods, shall be accepted by the court as *prima facie* proof of that fact.

## PART II.

## CONTROL OF NOXIOUS OR OFFENSIVE GASES.

4. (1) The Executive Committee may — Controlled areas.

(a) declare any area to be a controlled area for the purposes of this Ordinance;

(b) include any area in or exclude any area from a controlled area.

(2) Any such —

(a) declaration of an area to be a controlled area;

(b) inclusion of an area in or exclusion of an area from a controlled area

word by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig.

Perseel waarop ingelyste proses voortgesit word, geregistreer te word.

5. (1) Behoudens die bepalings van artikel 7(4) mag niemand binne 'n beheerde gebied —

(a) 'n ingelyste proses in of op 'n perseel voortsit nie, tensy —

(i) hy die houer is van 'n geldende registrasiesertifikaat wat hom magtig om daardie proses in of op daardie perseel voort te sit; of

(ii) in die geval van 'n persoon wat daardie proses in of op 'n perseel voortgesit het onmiddellik voor die datum van publikasie van die kennisgewing waarby die feit dat die betrokke gebied 'n beheerde gebied is afgekondig word, hy binne drie maande na daardie datum aansoek gedoen het om die uitreiking aan hom van 'n registrasiesertifikaat wat die voortsetting van daardie proses in of op bedoelde perseel magtig, en sy aansoek toegestaan is of 'n kennisgewing ingevolge artikel 6(2)(a)(ii) na aanleiding daarvan uitgereik is en nog van krag is; of

(b) 'n gebou of installasie oprig of laat oprig, of 'n bestaande gebou of installasie verander of uitbrei of laat verander of uitbrei, wat bestem is vir gebruik om 'n ingelyste proses in of op 'n perseel voort te sit, nie, tensy hy die houer is van 'n voorlopige registrasiesertifikaat wat die oprigting, verander of uitbreiding van daardie gebou of installasie vir genoemde doel magtig; of

(c) 'n bestaande gebou of installasie ten opsigte waarvan 'n geldende registrasiesertifikaat uitgereik is, verander of uitbrei of laat verander of uitbrei nie, tensy hy voordat hy enige stappe doen om die voorgenome verandering of uitbreiding teweeg te bring, by die Direkteur aansoek gedoen het om 'n voorlopige registrasiesertifikaat ten opsigte van die voorgenome verandering of uitbreiding, en sy aansoek toegestaan is of 'n kennisgewing ingevolge artikel 6(2)(b)(ii) na aanleiding daarvan uitgereik is en nog van krag is, of tensy bedoelde verandering of uitbreiding nie die ontsnapping in die lug van skadelike of hinderlike gasse deur die betrokke ingelyste proses voortgebring, sal beïnvloed nie.

(2) Iemand wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

Aansoek om en uitreiking van registrasiesertifikate en voorlopige registrasiesertifikate.

6. (1) 'n Aansoek om 'n registrasiesertifikaat of 'n voorlopige registrasiesertifikaat ingevolge artikel 5 moet in die voorgeskrewe vorm by die Direkteur ingedien word en van die voorgeskrewe inligting vergesel gaan.

shall be promulgated by notice in the *Official Gazette.*

Premises on which scheduled process carried on to be registered.

5. (1) Save as provided in section 7(4) no person shall within a controlled area –

(a) carry on a scheduled process in or on any premises, unless –

(i) he is the holder of a current registration certificate authorising him to carry on that process in or on those premises; or

(ii) in the case of a person who was carrying on that process in or on any premises immediately prior to the date of publication of the notice by which the fact that the area concerned is a controlled area is promulgated, he has within three months after that date applied for the issue to him of a registration certificate authorising the carrying on of that process in or on those premises, and his application has been granted or a notice in terms of section 6(2)(a)(ii) has been issued in pursuance thereof and is still in force; or

(b) erect or cause to be erected any building or plant, or alter or extend or cause to be altered or extended any existing building or plant, which is intended to be used for the purpose of carrying on any scheduled process in or on any premises, unless he is the holder of a provisional registration certificate authorising the erection, alteration or extension of that building or plant for the said purpose; or

(c) alter or extend or cause to be altered or extended any existing building or plant in respect of which a current registration certificate has been issued unless he has, before taking any steps to bring about the proposed alteration or extension, applied to the Director for a provisional registration certificate in respect of the proposed alteration or extension, and his application had been granted or a notice in terms of section 6(2)(b)(ii) had been issued in pursuance thereof and is still in force or unless such alteration or extension is not likely to cause or increase the escape into the atmosphere of noxious or offensive gases produced by the scheduled process in question.

(2) Any person who contravenes any provision of subsection (1) shall be guilty of an offence.

Application for and issue of registration certificates and provisional registration certificates.

6. (1) An application for a registration certificate or a provisional registration certificate in terms of section 5 shall be lodged with the Director in the prescribed form and shall be accompanied by the prescribed information.

(2) Die Direkteur moet na oorweging van so 'n aansoek –

(a) in die geval van 'n aansoek ingevolge artikel 5(1)(a)(ii) –

(i) indien hy oortuig is dat die beste beskikbare metode toegepas word om die ontsnapping in die lug van skadelike of hinderlike gasse wat deur die betrokke ingelyste proses voortgebring of waarskynlik voortgebring sal word, te verhoed of tot 'n minimum te beperk, die aansoek toestaan en 'n registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm aan die applikant uitreik; of

(ii) indien hy nie aldus oortuig is nie, die applikant by skriftelike kennisgewing aansê om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, die nodige stappe te doen om die ontsnapping in die lug van skadelike of hinderlike gasse wat deur bedoelde ingelyste proses voortgebring of waarskynlik voortgebring sal word, te verhoed of tot 'n minimum te beperk;

(b) in die geval van 'n aansoek ingevolge artikel 5(1)(b) of (c), en behoudens die bepalings van subartikel (4) –

(i) indien hy ten opsigte van die in paragraaf (a)(i) van hierdie subartikel genoemde aangeleenthede oortuig is, die aansoek toestaan en aan die applikant 'n voorlopige registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm uitreik; of

(ii) indien hy nie aldus oortuig is nie, die applikant by skriftelike kennisgewing aansê om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, die nodige stappe van die aard in paragraaf (a)(ii) beoog, te doen, ten einde hom aldus te oortuig.

(3) 'n Applikant wat aan die vereistes van 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2)(a)(ii) of (b)(ii) voldoen het binne die tydperk in daardie kennisgewing vermeld, of binne die verdere tydperk wat die Direkteur toestaan, is geregtig op die uitreiking aan hom van 'n registrasiesertifikaat of, behoudens die bepalings van subartikel (4), 'n voorlopige registrasiesertifikaat, na gelang.

(4) Geen voorlopige registrasiesertifikaat word ingevolge hierdie artikel uitgereik nie, tensy die Direkteur oortuig is dat voortsetting van die betrokke ingelyste proses in die betrokke omgewing redelikerwys toegelaat kan word met inagneming van die aard van daardie proses, die aard van die betrokke omgewing, die doeleindes waarvoor ander persele in daardie omgewing gebruik word en enige ander

(2) The Director shall after consideration of any such application —

(a) in the case of an application in terms of section 5(1)(a)(ii) —

(i) if he is satisfied that the best practicable means are being adopted for preventing or reducing to a minimum the escape into the atmosphere of noxious or offensive gases produced or likely to be produced by the scheduled process concerned, grant the application and issue to the applicant a registration certificate in the prescribed form; or

(ii) if he is not so satisfied, by notice in writing require the applicant to take the necessary steps within a period specified in the notice for preventing or reducing to a minimum the excape into the atmosphere of noxious or offensive gases produced or likely to be produced by the said scheduled process;

(b) in the case of an application in terms of section 5(1)(b) or (c), and subject to the provisions of subsection (4) —

(i) if he is satisfied in regard to the matters referred to in paragraph (a)(i) of this subsection, grant the application and issue to the applicant a provisional registration certificate in the prescribed form; or

(ii) if he is not so satisfied, by notice in writing require the applicant to take the necessary steps of the nature contemplated in paragraph (a)(ii) within a period specified in the notice, in order that he may be so satisfied.

(3) An applicant who has complied with the requirements of any notice in terms of subsection 2(a) (ii) or (b) (ii) within the period specified in that notice, or within such further period as the Director may allow, shall be entitled to the issue to him of a registration certificate, or, subject to the provisions of subsection (4), to the issue to him of a provisional registration certificate, as the case may be.

(4) No provisional registration certificate shall be issued in terms of this section, unless the Director is satisfied that the carrying on of the scheduled process concerned may reasonably be permitted in the locality concerned, having regard to the nature of that process, the character of the locality concerned, the purposes for which other premises in that locality are used and any other considerations which in

oorwegings wat na sy oordeel op die saak betrekking het, en dat die voortsetting van daardie proses in of op die betrokke perseel nie met 'n dorpsbeplanningskema wat in daardie omgewing geld of ten opsigte daarvan opgestel word, in stryd sou wees nie.

(5) In die geval van 'n aansoek ingevolge artikel 5(1)(b) raadpleeg die Direkteur die stedelike plaaslike bestuur, as daar een is, in wie se regsgebied die voorgestelde ingelyste proses in werking sal wees, en enige stedelike plaaslike bestuur in wie se regsgebied daar inwoners is wat volgens die Direkteur se oordeel geraak sou kon word deur die voortsetting van die ingelyste proses waarop die aansoek betrekking het, en die sienswyse en aanbeveling van bedoelde stedelike plaaslike bestuur of besture moet deur die Direkteur aangeteken en oorweeg word.

Geldigheidsduur en voorwaardes van voorlopige registrasiesertifikaat.

7. (1) 'n Voorlopige registrasiesertifikaat is, behoudens die bepalings van subartikel (3), geldig vir die tydperk wat deur die Direkteur bepaal en in daardie sertifikaat vermeld word, en die Direkteur kan, indien hy oortuig is dat grondige redes daarvoor bestaan, van tyd tot tyd die geldigheidsduur van so 'n sertifikaat verleng.

(2) Elke voorlopige registrasiesertifikaat moet —

(a) die ligging en omvang vermeld van die voorgestelde gebou of installasie of verandering of uitbreiding waarop die sertifikaat betrekking het;

(b) die aard vermeld van die ingelyste proses wat bedoel is om voortgesit te word;

(c) die grondstowwe vermeld wat bedoel is om gebruik te word, asook die aard van die werksaamhede wat bedoel is om uitgevoer te word en die produkte wat bestem is om voortgebring te word;

(d) die toestelle vermeld wat bedoel is om opgerig te word en die ander maatreëls wat beoog word ten einde die ontsnapping in die lug van skadelike of hinderlike gasse wat waarskynlik voortgebring sal word deur die werksaamhede wat bedoel is om uitgevoer te word, te verhoed of tot 'n minimum te beperk; en

(e) die maatreëls vermeld wat beoog word vir die suiwering van die afloop afkomstig van toestelle ingerig om die ontsnapping in die lug van skadelike of hinderlike gasse van die prosesse wat in werking sal wees, te verhoed of tot 'n minimum te beperk en om te voorkom dat skadelike of hinderlike bestanddele van sodanige afloop vrygestel word wanneer dit met ander afloop in riole of rioolslote in aanraking kom.

his opinion have a bearing on the matter, and that the carrying on of that process in or on the premises concerned would not be in conflict with any town planning scheme which is in operation in that locality or is in the course of preparation in respect thereof.

(5) In the case of an application in terms of section 5(1)(b) the Director shall consult the urban local authority, if any, in whose area of jurisdiction the proposed scheduled process will be in operation and any urban local authority in whose area of jurisdiction there are residents who may in the opinion of the Director be affected by the carrying on of the scheduled process to which the application relates, and the opinion and recommendation of such urban local authority or authorities shall be recorded and considered by the Director.

Period of validity and conditions of provisional registration certificate.

7. (1) A provisional registration certificate shall, subject to the provisions of subsection (3), be valid for such period as may be determined by the Director and specified in that certificate, and the Director may, if he is satisfied that good reasons exist for doing so, from time to time extend the period of validity of any such certificate.

(2) Every provisional registration certificate shall specify –

(a) the situation and extent of the proposed building or plant or alteration or extension to which the certificate relates;

(b) the nature of the scheduled process intended to be carried on;

(c) the raw materials intended to be used, the nature of the operations intended to be carried out and the products intended to be produced;

(d) the appliances intended to be installed and any other proposed measures for preventing or reducing to a minimum the escape into the atmosphere of noxious or offensive gases likely to be produced by the operations intended to be carried out; and

(e) the proposed measures for the purification of the effluents discharged from appliances installed for preventing or reducing to a minimum the escape into the atmosphere of noxious or offensive gases from the processes that will be in operation, and for preventing the release of noxious or offensive constituents from such effluents when they come into contact with other effluents in drains or drainage canals.

(3) Indien 'n gebou of installasie ten opsigte waarvan 'n voorlopige registrasiesertifikaat uitgereik is, binne die in subartikel (1) vermelde tydperk of binne die verdere tydperk wat die Direkteur toestaan, tot bevrediging van die Direkteur ooreenkomstig die in daardie sertifikaat vermelde besonderhede voltooi, verander of uitgebrei word, moet die Direkteur op aansoek deur die houer van daardie sertifikaat aan hom 'n registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm uitreik waarby die voortsetting van die ingelyste proses waarop daardie voorlopige registrasiesertifikaat betrekking het, in of op die perseel ten opsigte waarvan daardie voorlopige registrasiesertifikaat uitgereik is, gemagtig word, en daarop verval bedoelde voorlopige registrasiesertifikaat.

(4) Die houer van 'n voorlopige registrasiesertifikaat kan in of op die perseel waarop daardie sertifikaat betrekking het, enige in daardie sertifikaat vermelde proses voortsit, en die bepalings van artikel 8 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die voortsetting van daardie proses in of op bedoelde perseel.

Voorwaardes van registrasiesertifikaat.

8. (1) 'n Registrasiesertifikaat is onderworpe aan die voorwaarde dat alle installasies en apparate wat gebruik word om die betrokke ingelyste proses voort te sit, en alle toestelle om die ontsnapping in die lug van skadelike of hinderlike gasse te verhoed of tot 'n minimum te beperk, te alle tye behoorlik in stand gehou en bedryf moet word, en dat die houer van die sertifikaat moet toesien dat alle ander nodige maatreëls getref word om die ontsnapping in die lug van skadelike of hinderlike gasse te verhoed: Met dien verstande dat by die toepassing van die bepalings van hierdie subartikel behoorlik rekening gehou moet word met die onvermydelike ontsnapping in die lug van skadelike of hinderlike gasse wanneer 'n installasie of toestel ten opsigte waarvan die registrasiesertifikaat uitgereik is, aan die gang gesit word of gedurende enige tydperk wanneer so 'n installasie of toestel tot stilstand kom of afgesluit word of onklaar raak.

(2) Die Direkteur kan te eniger tyd by skriftelike kennisgewing vereis dat die houer van so 'n sertifikaat stappe doen ten einde die meer doeltreffende werking te verseker van die toestelle waarvoor in daardie sertifikaat voorsiening gemaak word om te verhoed dat die skadelike of hinderlike gasse wat voortgebring word deur die ingelyste proses waarop die sertifikaat betrekking het, in die lug ontsnap.

(3) (a) Die Direkteur kan te eniger tyd by skriftelike kennisgewing vereis dat die houer van so 'n sertifikaat die stappe doen wat, met inagneming van die koste daaraan verbonde, redelik is, ten einde die meer doeltreffende voorkoming van die ontsnapping in die lug van skadelike of hinderlike gasse voortgebring deur die ingelyste proses waarop die sertifikaat betrekking het deur middel van 'n ander of verbeterde proses of toerusting in die kennisgewing vermeld te verseker.

(3) If any building or plant in respect of which a provisional registration certificate has been issued, is, within the period specified in subsection (1), or within such further period as the Director may allow, completed, altered or extended to the satisfaction of the Director in accordance with the particulars specified in that certificate, the Director shall, on application by the holder of that certificate, issue to him a registration certificate in the prescribed form authorising the carrying on of the scheduled process to which that provisional registration certificate relates in or on the premises in respect of which that provisional registration certificate was issued, and thereupon such provisional registration certificate shall lapse.

(4) The holder of a provisional registration certificate may carry on in or on the premises to which that certificate relates any process specified in that certificate, and the provisions of section 8 shall *mutatis mutandis* apply with reference to the carrying on of that process in or on such premises.

Conditions of registration certificate.

8. (1) A registration certificate shall be subject to the condition that all plant and apparatus used for the purpose of carrying on the scheduled process concerned and all appliances for preventing or reducing to a minimum the escape into the atmosphere of noxious or offensive gases, shall at all times be properly maintained and operated and that the holder of the certificate shall ensure that all other necessary measures are taken to prevent the escape into the atmosphere of noxious or offensive gases: Provided that in applying the provisions of this subsection due allowance shall be made for the unavoidable escape into the atmosphere of noxious or offensive gases when any plant or apparatus in respect of which the registration certificate was issued is being started up or during any period of any breakdown or shutting down or disturbance of such plant or apparatus.

(2) The Director may at any time by notice in writing require the holder of any such certificate to take steps to ensure the more effective operation of the apparatus provided for in such certificate for the prevention of the escape into the atmosphere of the noxious or offensive gases produced by the scheduled process to which the certificate relates.

(3) (a) The Director may at any time by notice in writing require the holder of any such certificate to take such steps as may be reasonable, having regard to the cost involved, to ensure the more effective prevention of the escape into the atmosphere of noxious or offensive gases, produced by the scheduled process to which the certificate relates, by means of some other or improved process or equipment specified in such notice.

(b) Daar moet aan so 'n houer 'n redelike tydperk toegelaat word waarin hy die stappe in die toepaslike kennisgewing vermeld, moet doen.

(4) Indien die houer van 'n registrasiesertifikaat versuim om aan die voorwaardes in subartikel (1) vermeld of 'n vereiste ingevolge subartikel (2) of (3) te voldoen, kan die Direkteur daardie houer by skriftelike kennisgewing aansê om binne 'n redelike in die kennisgewing vermelde tydperk aan daardie voorwaardes of vereistes te voldoen, en indien bedoelde houer in gebreke bly om binne die aldus vermelde tydperk aan daardie voorwaardes of vereistes te voldoen, kan die Direkteur die registrasiesertifikaat intrek of die werking daarvan opskort vir die tydperk wat hy goedvind.

Besware teen beslissings van Direkteur.

9. (1) (a) (i) Iemand wat hom veronreg ag deur 'n beslissing van die Direkteur waarby 'n aansoek om 'n registrasiesertifikaat of 'n voorlopige registrasiesertifikaat geweier of 'n registrasiesertifikaat of voorlopige registrasiesertifikaat ingetrek of opgeskort of 'n vereiste kragtens artikel 8(2) of (3) opgelê word, kan binne dertig dae na die datum waarop daardie beslissing gegee is, skriftelik by die Uitvoerende Komitee beswaar daarteen aanteken.

(ii) Iemand wat aldus beswaar aanteken, kan hangende 'n beslissing ingevolge hierdie artikel in verband met die beswaar die ingelyste proses waarop die beswaar betrekking het voortsit, indien daardie ingelyste proses voor die beslissing van die Direkteur wat die onderwerp van die beswaar is, voortgesit was, en indien die Direkteur oortuig is dat die ontsnapping in die lug van gasse wat deur genoemde proses voortgebring word, nie vir die gesondheid van die mens 'n gevaar is of waarskynlik sal skep nie, en toestemming verleen het dat daardie proses voortgesit mag word.

(b) Indien 'n voorlopige registrasiesertifikaat bedoel in artikel 5(1)(b) toegestaan word ondanks beswaar deur 'n stedelike plaaslike bestuur in artikel 6(5) bedoel, kan daardie stedelike plaaslike bestuur binne dertig dae na die datum waarop daardie beslissing gegee is, skriftelik by die Uitvoerende Komitee beswaar daarteen aanteken.

(2) Iemand wat ingevolge subartikel (1)(a)(i) of (b) beswaar aanteken, moet saam met die beswaar skriftelike beredenerings of verduidelikings van die gronde van sy beswaar voorlê.

(3) By ontvangs van 'n beswaar ingevolge subartikel (1) verwys die Uitvoerende Komitee sodanige beswaar en

(b) Any such holder shall be allowed a reasonable period within which to take the steps specified in the relevant notice.

(4) If the holder of a registration certificate fails to comply with the conditions referred to in subsection (1) or any requirement in terms of subsection (2) or (3), the Director may by notice in writing call upon such holder to comply with such conditions or requirements within a reasonable period specified in the notice and if such holder fails to comply with the said conditions or requirements within the period so specified, the Director may cancel the registration certificate or suspend the operation thereof for such period as he may deem fit.

Objections to decisions of Director.

9. (1) (a) (i) Any person who feels aggrieved by a decision of the Director, whereby an application for a registration certificate or a provisional registration certificate is refused or a registration certificate or provisional registration certificate is cancelled or suspended or a requirement under section 8(2) or (3) is imposed, may, within thirty days after the date on which such decision was given, lodge an objection to it with the Executive Committee in writing.

(ii) Any person who so objects may, pending a decision in terms of this section in regard to such objection continue to carry on the scheduled process to which such objection relates, if such scheduled process was carried on prior to the decision of the Director which is the subject of the objection and if the Director has been satisfied that the escape into the atmosphere of gases produced by the said process is not or is not likely to give rise to a danger to the health of man, and has granted permission that such process may be carried on.

(b) If a provisional registration certificate referred to in section 5(1)(b) is granted notwithstanding any objection by an urban local authority referred to in section 6(5), such urban local authority may, within thirty days after the date on which such decision was given, lodge an objection to it with the Executive Committee in writing.

(2) Any person who lodges an objection in terms of subsection (1)(a)(i) or (b), shall submit with his objection written arguments or explanations of the grounds of his objection.

(3) Upon receipt of an objection in terms of subsection (1) the Executive Committee shall refer such objection

die skriftelike beredenerings en verduidelikings bedoel in subartikel (2) na die persoon teen wie se beslissing die beswaar aangeteken is vir sy kommentaar, indien enige, wat binne dertig dae na die datum waarop die beswaar na hom verwys is, by die Uitvoerende Komitee ingedien moet word.

(4) (a) By ontvangs van die kommentaar bedoel in subartikel (3) of verstryking van die tydperk van dertig dae bedoel in genoemde subartikel wat ook al eerste geskied, verwys die Uitvoerende Komitee die beswaar en al die stukke wat daarop betrekking het na 'n kommissie van ondersoek, wat so spoedig moontlik daarna ondersoek moet instel na die beswaar.

(b) 'n Kommissie van ondersoek bedoel in paragraaf (a) bestaan uit vyf lede wat deur die Uitvoerende Komitee aangestel word, van wie —

(i) een, wat ook die voorsitter moet wees—

(aa) 'n regter of afgetrede regter; of

(bb) 'n advokaat met minstens vyf jaar praktiese ondervinding in sy professie; of

(cc) 'n landdros of afgetrede landdros wat minstens die rang van senior landdros bereik het,

moet wees; en

(ii) vier persone moet wees wat volgens die oordeel van die Uitvoerende Komitee deskundige kennis besit van enige aangeleentheid waarop die beswaar betrekking het, van wie die Uitvoerende Komitee—

(aa) twee na goeddunke aanstel;

(bb) een op aanbeveling van die persoon teen wie se beslissing die beswaar aangeteken is, aanstel;

(cc) een op aanbeveling van die persoon wat die beswaar ingedien het, aanstel.

(c) By die ondersoek na die beswaar kan die persoon wat die beswaar aangeteken het en die persoon teen wie se beslissing die beswaar aangeteken is, persoonlik of deur 'n verteenwoordiger (wat 'n prokureur of 'n advokaat moet wees) voor die kommissie van ondersoek verskyn en aan die kommissie van

and the written arguments and explanations referred to in subsection (2) to the person against whose decision the objection was lodged for his comments, if any, which shall be submitted to the Executive Committee within thirty days after the date on which the objection was referred to him.

(4) (a) Upon receipt of the comments referred to in subsection (3) or the expiry of the period of thirty days referred to in the said subsection, whichever may happen first, the Executive Committee shall refer the objection and all the documents relating to it to a commission of enquiry, who shall enquire into the objection as soon as possible thereafter.

(b) A commission of enquiry referred to in paragraph (a) shall consist of five members appointed by the Executive Committee, of whom —

(i) one, who shall also be the chairman, shall be —

(aa) a judge or retired judge; or

(bb) an advocate having at least five years practical experience in his profession; or

(cc) a magistrate or retired magistrate having reached the rank of at least senior magistrate; and

(ii) four shall be persons who in the opinion of the Executive Committee have expert knowledge of any matter to which the objection relates, of whom the Executive Committee shall appoint —

(aa) two in its discretion;

(bb) one on the recommendation of the person against whose decision the objection was lodged;

(cc) one on the recommendation of the person who lodged the objection.

(c) At the enquiry into the objection the person who lodged the objection and the person against whose decision the objection was lodged may appear before the commission of enquiry in person or through a representative (who shall be an attorney or an advocate) and tender evidence or cause evidence to be

ondersoek getuienis aanbied of laat aanbied ter toeligting van die skriftelike beredenerings of verduidelikings van die gronde van sy beswaar, of van sy kommentaar, na gelang, kan hy getuies wat opgeroep is om vir die ander party te getuig, kruisverhoor en kan hy die beredenerings en verduidelikings in verband met die beswaar voorlê wat hy nodig of wenslik ag.

(5) Nadat die kommissie van ondersoek die beswaar ondersoek en alle beredenerings, verduidelikings, kommentaar en getuienis in verband met die beswaar wat aan hom voorgelê en aangebied is, oorweeg het, berei die kommissie van ondersoek onverwyld 'n verslag daaroor voor en lê sodanige verslag, wat ook die kommissie van ondersoek se aanbeveling aan die Uitvoerende Komitee en enige opmerkings wat die kommissie van ondersoek wens te maak en verduidelikings wat die kommissie van ondersoek wens te verskaf ten opsigte van sy aanbeveling of enigiets anders wat betrekking het op die beswaar of die ondersoek, bevat, voor aan die Uitvoerende Komitee, wat bevoeg is om in verband met die beswaar die bevel te gee wat hy goedvind en wie se beslissing afdoende is.

## DEEL III.

## LUGBESOEDELING DEUR ROOK.

Toepassing van hierdie Deel.

10. (1) (a) Die bepalings van hierdie Deel geld slegs in gebiede waarin die Uitvoerende Komitee dit van toepassing verklaar het, en vanaf die datum wat die Uitvoerende Komitee in die geval van enige sodanige gebied bepaal.

(b) Enige verklaring gedoen en datum bepaal kragtens paragraaf (a) word by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig.

(2) So 'n verklaring en die bepaling van so 'n datum word, behoudens die bepalings van subartikel (6), ten opsigte van 'n gebied of deel van 'n gebied binne die regsmag van 'n stedelike plaaslike bestuur gedoen slegs na oorlegpleging met daardie stedelike plaaslike bestuur.

(3) Behoudens die bepalings van subartikels (4) en (6) word die bevoegdhede by hierdie Deel aan stedelike plaaslike besture verleen, ten opsigte van 'n gebied binne die regsmag van 'n stedelike plaaslike bestuur wat die onderwerp van 'n verklaring kragtens subartikel (1) is, deur daardie stedelike plaaslike bestuur uitgeoefen, tensy die Uitvoerende Komitee na oorlegpleging met bedoelde stedelike plaaslike bestuur gelas het dat bedoelde bevoegdhede deur die Direkteur uitgeoefen moet word en sodanige lasgewing by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig is.
(b) if the matter was at any time processed on or removed from that land by or on behalf of any person who at the time of such processing or removal was the holder of any right to the use of the surface of the land in terms of any such law, the person who so was the holder of such right.

27. (1) The Executive Committee may, if it is satisfied that special provision is necessary to meet wholly or in part any expenditure required to be incurred for the more effective prevention of the pollution of the atmosphere by dust, Establishment of Dust Control Contributions Account.

geheel of ten dele te bestry, 'n afsonderlike rekening, bekend as die Stofbeheerbydraesrekening (hieronder die rekening genoem) instel in die Gebiedsinkomstefonds tot krediet waarvan die bydraes ingevolge subartikel (3) gemaak en enige gelde wat ten bate van die rekening aan die Gebiedsinkomstefonds geskenk word of uit 'n ander bron ten bate van die rekening daaraan toeval, in die Gebiedsinkomstefonds gestort moet word.

(2) Elke persoon op wie 'n bepaling van artikeld 24 of 26 van toepassing is, moet volgens voorskrif van hierdie artikel ten bate van die rekening tot die Gebiedsinkomstefonds bydra: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee enigiemand van die verpligting om by te dra kan onthef indien hy van oordeel is dat dit om die een of ander rede onprakties of onbillik sou wees om te vereis dat so iemand moet bydra.

(3) (a) So 'n bydrae kan bestaan uit 'n enkele bedrag of uit periodieke betalings op 'n grondslag wat die Uitvoerende Komitee in elke geval gepas ag, en kan wissel volgens die aard of omvang van die werksaamhede wat voortgesit word of die hoeveelhede materie op enige grond geplaas of toegelaat deur of ten behoewe van die persoon wat vir die betaling aanspreeklik is of enige ander omstandighede met betrekking tot bedoelde werksaamhede.

(b) Waar so 'n bydrae uit 'n enkele bedrag bestaan, kan die Uitvoerende Komitee na goeddunke toelaat dat die betrokke persoon die betrokke bedrag in paaiemente betaal.

(4) Die Direkteur laat aan elke persoon wat vir die betaling van so 'n bydrae aanspreeklik is, 'n deur die Direkteur ondertekende kennisgewing aflewer of per aangetekende pos versend waarin die bedrag deur daardie persoon betaalbaar en die tydperk waarin betaling daarvan moet geskied, uiteengesit word, of, in die geval van bydraes wat periodiek betaalbaar is, of 'n enkele bedrag wat in paaiemente betaalbaar is, die tye wanneer sodanige periodieke bydraes of paaiemente betaal moet word, en so 'n kennisgewing kan vereis dat die persoon aan wie dit gerig is, saam met elke betaling wat geskied sodanige besonderhede moet verstrek in verband met die werksaamhede deur hom voortgesit as wat in die kennisgewing vermeld word.

(5) Alle bydraes waarvoor iemand ingevolge hierdie artikel aanspreeklik is, moet betaal word aan die Sekretaris wat enige aldus aan hom betaalde bedrag tot krediet van die rekening in die Gebiedsinkomstefonds laat stort.

(6) Iemand wat versuim om enige bydrae waarvoor hy ingevolge hierdie artikel aanspreeklik is, op of voor die vervaldag te betaal, of om, wanneer hy 'n bedrag ten opsigte van so 'n bydrae betaal, enige ingevolge 'n kennisgewing kragtens subartikel (4) vereiste besonderhede te verstrek, is aan 'n misdryf skuldig.

establish a separate account to be known as the Dust Control Contributions Account (hereinafter referred to as the account) in the Territory Revenue Fund, to the credit of which shall be paid into the Territory Revenue Fund the contributions made in terms of subsection (3) and any moneys which may be donated to the Territory Revenue Fund for the benefit of the account or may, from any other source, accrue thereto for the benefit of the account.

(2) Every person to whom any provision of section 24 or 26 applies shall contribute to the Territory Revenue Fund for the benefit of the account as provided in this section: Provided that the Executive Committee may exempt any person from liability to contribute if it is of the opinion that it would for some reason or another be impracticable or inequitable to require such person to contribute.

(3) (a) Any such contribution may consist of a single amount or of periodical payments on such a basis as the Executive Committee may in each case consider appropriate, and may vary according to the nature or magnitude of the operations carried on or the quantities of matter deposited or permitted on any land by or on behalf of the person liable for payment, or any other circumstances relating to such operations.

(b) Where any such contribution consists of a single amount, the Executive Committee may in its discretion permit the person concerned to pay the amount involved by instalments.

(4) The Director shall cause to be delivered or transmitted by post under registered cover to every person liable for the payment of any such contribution, a notice signed by the Director setting out the amount payable by that person and the period within which payment thereof shall be effected, or, in the case of contributions payable periodically or of a single amount payable by instalments, the times at which such periodical contributions or instalments shall be paid, and any such notice may require the person to whom it is addressed to furnish with any payment made such particulars in respect of the operations carried on by him as may be specified in the notice.

(5) All contributions for which any person is liable in terms of this section shall be paid to the Secretary who shall cause any amount so paid to him to be deposited into the Territory Revenue Fund to the credit of the account.

(6) Any person who fails to pay on or before the due date any contribution for the payment of which he is liable in terms of this section or to furnish any particulars required in terms of any notice under subsection (4) when making payment of any amount in respect of any such contribution, shall be guilty of an offence.

(7) (a) Die rekening word geadministreer deur die Sekretaris wat behoorlike aantekeninge laat hou van alle gelde ontvang en bestee, en gelde in die rekening wat deur die Wetgewende Vergadering vir die doel bewillig is, kan, onderworpe aan die Uitvoerende Komitee se voorskrifte, aangewend word —

(i) vir die betaling van uitgawes aangegaan in verband met enige werksaamhede wat met goedkeuring van die Uitvoerende Komitee ter voorkoming van besoedeling van die lug deur stof aangegaan word;

(ii) om enige uitgawes ingevolge artikel 26 aangegaan, geheel of ten dele te dek; en

(iii) om uitgawes wat deur iemand aangegaan is of staan te word ten einde aan 'n bepaling van artikel 24 of 25 te voldoen, geheel of ten dele te dek.

(b) Enige gelde in die rekening wat nie vir onmiddellike gebruik nodig is nie, kan ooreenkomstig die bepalings van artikel 11(6) van die Finansie en Ouditeer Ordonnansie, 1926 (Ordonnansie 1 van 1926), belê word.

Verbod in verband met vervreemding van bates deur myne.

28. (1) Wanneer die Uitvoerende Komitee op grond van inligting aan hom verstrek van oordeel is dat dit met die oog op die bekende en blootgelegde ertsreserwes van 'n myn waarskynlik is dat daardie myn binne 'n tydperk van vyf jaar mynbouwerksaamhede sal staak, gee hy dienooreenkomstig kennis aan die eienaar van daardie myn.

(2) Ondanks die bepalings van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale 1968 (Ordonnansie 20 van 1968), is die eienaar van 'n myn wat, na die datum van ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1), sonder toestemming van die Uitvoerende Komitee enige bate van daardie myn vervreem voordat aan hom 'n sertifikaat deur die Direkteur verstrek is ten effekte dat die nodige stappe gedoen of voldoende voorsiening gemaak is om te verhoed dat die lug besoedel word deur stof ontstaande uit materie afkomstig uit daardie myn wat geplaas is op grond ten opsigte waarvan bedoelde eienaar die houer is van regte ingevolge 'n wet op mynbou of prospektering na minerale verleen om op bedoelde grond mynbou- of prospekteerwerk voort te sit, aan 'n misdryf skuldig.

(3) Enige toestemming ingevolge subartikel (2) kan van algemene aard wees of ten opsigte van vermelde bates verleen word en kan onderworpe gemaak word aan die voorwaardes wat die Uitvoerende Komitee goedvind.

Regulasies in verband met stof.

29. (1) Die Uitvoerende Komitee kan regulasies uitvaardig —

(7) (a) The account shall be administered by the Secretary, who shall cause proper records to be kept of all moneys received and expended, and any money in the account voted for the purpose by the Legislative Assembly may subject to the directions of the Executive Committee be applied —

(i) for the payment of any expenditure incurred in connection with any operations undertaken with the approval of the Executive Committee for the purpose of the prevention of the pollution of the atmosphere by dust;

(ii) to meet wholly or in part any expediture incurred in terms of section 26; and

(iii) to meet wholly or in part expenditure incurred or to be incurred by any person in order to comply with any provision of section 24 or 25.

(b) Any moneys in the account which are not required for immediate use may be invested in accordance with the provisions of the Finance and Audit Ordinance, 1926 (Ordinance 1 of 1926).

28. (1) Whenever on account of information furnished to it the Executive Committee is of the opinion that having regard to the known and disclosed ore reserves of any mine, that mine is likely to cease mining operations within a period of five years, it shall advise the owner of that mine accordingly. Prohibition in regard to disposal of assets by mines.

(2) Notwithstanding the provisions of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968 (Ordinance 20 of 1968), the owner of any mine who, after the date of receipt of any notification in terms of subsection (1), without the consent of the Executive Committee disposes of any asset of that mine before he has been furnished with a certificate by the Director to the effect that the necessary steps have been taken or that adequate provision has been made to prevent the pollution of the atmosphere by dust arising from any matter emanating from that mine, deposited on any land in respect of which the said owner is the holder of rights granted in terms of any law relating to mining or prospecting for minerals, to carry on mining or prospecting on such land, shall be guilty of an offence.

(3) Any consent in terms of subsection (2) may be in general terms or may be given in respect of specified assets and may be made subject to such conditions as the Executive Committee may deem fit.

29. (1) The Executive Committee may make regulations — Regulations in regard to dust.

(a) wat die stappe voorskryf wat gedoen moet word om te voorkom dat 'n oorlas van die aard bedoel in artikel 24 of 25 veroorsaak word of om te verhoed dat so 'n oorlas voortduur of om so 'n oorlas te bekamp;

(b) wat voorsiening maak vir inspeksie, deur die Direkteur of 'n inspekteur of 'n ingevolge artikel 30(1) gemagtigde persoon, onderworpe in die geval van so 'n inspekteur of persoon, aan die voorlegging aan die persoon belas met die toesig oor die perseel, van die in artikel 2(1)(b) of 30(2), na gelang, bedoelde sertifikaat van enige perseel binne 'n stofbeheergebied, waar daar volgens die Direkteur se oordeel 'n oorlas van die aard bedoel in artikel 24 of 25 bestaan of kan bestaan;

(c) waarby 'n kleiner volume materie as twintigduisend kubieke meter voorgeskryf word met betrekking waartoe die bepalings van artikel 24(1)(b) van toepassing is;

(d) waarby beskadiging van middele wat ter bekamping van 'n stofoorlas of 'n moontlike stofoorlas tot stand gebring is, of toerusting wat gebruik word in verband met die totstandbrenging van sodanige middele, verbied word, of die verwydering daarvan gereël word.

(2) Enige stappe ingevolge subartikel (1)(a) voorgeskryf, kan wissel volgens die aard van enige nywerheidsproses voortgesit of enige materie op grond geplaas in verband waarmee daardie stappe voorgeskryf word of volgens ander omstandighede soos die Uitvoerende Komitee nodig ag.

(3) Regulasies kragtens subartikel (1)(d) kan ten opsigte van 'n oortreding daarvan, geldelike verpligtinge oplê in verband met die herstel of vervanging van die betrokke middele of toerusting.

Inspeksies.

30. (1) Die Direkteur kan met die Uitvoerende Komitee se goedkeuring enige persoon magtig om onderworpe aan die Direkteur se opdragte inspeksies ingevolge regulasies uitgevaardig kragtens artikel 29(1)(b) te doen.

(2) Daar word aan elke kragtens subartikel (1) gemagtigde persoon 'n sertifikaat verstrek wat deur die Direkteur onderteken is en waarin die persele vermeld word ten opsigte waarvan hy inspeksies kan uitvoer.

(3) Die Direkteur, 'n inspekteur of 'n aldus gemagtigde persoon kan sonder kennisgewing vooraf te eniger tyd enige perseel (behalwe daardie gebied in 'n fabriek van ontplofbare stowwe waar ontplofbare stowwe vervaardig of gehou word) in 'n stofbeheergebied betree waar daar na sy oordeel 'n oorlas van die aard in artikel 24 of 25

(a) prescribing the steps that shall be taken to prevent the creation of a nuisance of the nature referred to in section 24 or 25 or to prevent the continuation of such a nuisance or to combat such a nuisance;

(b) providing for the inspection by the Director or an inspector or a person authorised in terms of section 30(1) subject to the production in the case of any such inspector or person, to the person in charge of the premises, of the certificate referred to in section 2(1)(b) or 30(2), as the case may be, of any premises within a dust control area where in the opinion of the Director a nuisance of the nature referred to in section 24 or 25 exists or may exist;

(c) prescribing any lesser volume than twenty thousand cubic metres of matter in relation to which the provisions of section 24(1)(b) shall apply;

(d) providing for the prohibition of damage to contrivances created for the combating of a nuisance caused by dust or a possible nuisance caused by dust, or equipment used in connection with the creation of such contrivances, or for arranging the removal thereof.

(2) Any steps prescribed in terms of subsection (1)(a) may vary according to the nature of any industrial process carried on or any matter deposited on land in connection with which such steps are prescribed or according to other circumstances as the Executive Committee may consider necessary.

(3) Regulations under subsection (1)(d) may, in respect of a contravention thereof, impose financial obligations in connection with the repair or replacement of the contrivances or equipment concerned.

30. (1) The Director may, with the approval of the Executive Committee, authorise any person to carry out, subject to the directions of the Director, inspections in terms of regulations made under section 29(1)(b). Inspections.

(2) Any person who has been authorised under subsection (1) shall be furnished with a certificate signed by the Director specifying the premises in respect of which he may carry out inspections.

(3) The Director, an inspector or any person so authorised may without previous notice at any time enter any premises (except the explosives area of an explosives factory) within a dust control area where in his opinion a nuisance of the nature referred to in section 24 or 25 exists or may exist: Provided that no premises under the control of

bedoel, bestaan of kan bestaan: Met dien verstande dat geen perseel onder die beheer van die Staat aldus betree word nie behalwe met toestemming vooraf van die persoon in beheer van die perseel, welke toestemming nie weerhou word nie dan alleen om redes wat met die veiligheid van die Staat in verband staan.

(4) Iemand wat versuim of weier om die Direkteur, 'n inspekteur of 'n aldus gemagtigde persoon toegang tot so 'n perseel te verleen of wat die Direkteur, 'n inspekteur of so 'n persoon by die verrigting van sy pligte of werksaamhede ingevolge hierdie Deel hinder of belemmer, is aan 'n misdryf skuldig.

(5) Die Direkteur kan te eniger tyd met die Uitvoerende Komitee se goedkeuring enige kragtens subartikel (1) verleende magtiging intrek en moet die betrokke persoon in kennis stel van sodanige intrekking en van die datum waarop dit van krag word.

Besware.

31. (1) Iemand wat hom deur 'n kragtens hierdie Deel aan hom bestelde kennisgewing veronreg ag, kan binne dertig dae na die datum waarop die kennisgewing bestel is, of binne die verdere tydperk wat die Uitvoerende Komitee op goeie en voldoende gronde toelaat, skriftelik by die Uitvoerende Komitee beswaar teen sodanige kennisgewing aanteken.

(2) Die toepassing van 'n kennisgewing wat die onderwerp van 'n beswaar ingevolge subartikel (1) is, word opgeskort totdat die Uitvoerende Komitee oor die beswaar beslis het.

(3) Die bepalings van artikel 9(2), (3), (4) en (5) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n beswaar ingevolge subartikel (1).

## DEEL V.

## LUGBESOEDELING DEUR DAMPE WAT DEUR VOERTUIE UITGELAAT WORD.

Toepassing van hierdie Deel.

32. (1) (a) Die bepalings van hierdie Deel geld slegs in 'n gebied binne die regsmag van 'n stedelike plaaslike bestuur ten opsigte waarvan dit deur die Uitvoerende Komitee van toepassing verklaar is, en vanaf die datum, in die geval van enige sodanige gebied, wat deur die Uitvoerende Komitee bepaal word.

(b) Enige verklaring gedoen en datum bepaal kragtens paragraaf (a) word by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig.

(2) So 'n verklaring en die bepaling van so 'n datum word nie ten opsigte van enige gebied gedoen nie, behalwe na oorlegpleging met die stedelike plaaslike bestuur wat in daardie gebied regsmag besit.

the State shall be so entered without the prior consent of the person in charge of such premises, which consent shall not be withheld except for reasons connected with the security of the State.

(4) Any person who fails to give or refuses admission to any such premises to the Director, an inspector or any person so authorised or who hinders or obstructs the Director, an inspector or any such person in the performance of his duties or functions in terms of this Part, shall be guilty of an offence.

(5) The Director may at any time, with the approval of the Executive Committee, withdraw any authority granted under subsection (1) and shall notify the person concerned of such withdrawal and of the date on which it shall take effect.

31. (1) Any person who feels aggrieved by a notice served on him under this Part may, within thirty days after the date on which the notice was served, or within such further period as the Executive Committee for good and sufficient reasons allow, lodge an objection to such notice with the Executive Committee in writing. Objections.

(2) The operation of any notice which is the subject of an objection in terms of subsection (1) shall be suspended until the Executive Committee has decided on such objection.

(3) The provisions of section 9(2), (3), (4) and (5) shall *mutatis mutandis* apply in regard to an objection in terms of subsection (1).

## PART V.

## POLLUTION OF THE ATMOSPHERE BY FUMES EMITTED BY VEHICLES.

32. (1) (a) The provisions of this Part shall apply only in an area within the jurisdiction of an urban local authority in respect of which they have been declared to be applicable by the Executive Committee and with effect from such date in the case of any such area as may be specified by the Executive Committee. Application of this Part.

(b) Any declaration made and date specified under paragraph (a) shall be promulgated by notice in the *Official Gazette*.

(2) No such declaration shall be made and no such date shall be specified in respect of any area except after consultation with the urban local authority having jurisdiction in that area.

(3) Behoudens die bepalings van subartikel (4) word die bevoegdhede by hierdie Deel aan stedelike plaaslike besture verleen, ten opsigte van 'n gebied binne die regsmag van 'n stedelike plaaslike bestuur wat die onderwerp van 'n verklaring kragtens subartikel (1) is, deur daardie stedelike plaaslike bestuur uitgeoefen.

(4) (a) Indien die Uitvoerende Komitee van oordeel is dat 'n stedelike plaaslike bestuur die bevoegdhede wat hy ingevolge subartikel (3) moet uitoefen, nie op bevredigende wyse uitgeoefen het nie, kan die Uitvoerende Komitee, na oorlegpleging met daardie stedelike plaaslike bestuur, gelas dat bedoelde bevoegdhede deur die Direkteur uitgeoefen moet word, en kan hy in so 'n geval die koste deur die Direkteur by die uitoefening van bedoelde bevoegdhede aangegaan op daardie stedelike plaaslike bestuur verhaal.

(b) Elke lasgewing ingevolge paragraaf (a) word by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig.

(5) Die Uitvoerende Komitee kan te eniger tyd enige verklaring of lasgewing kragtens hierdie artikel intrek, welke intrekking by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig moet word.

(6) 'n Verwysing in hierdie Deel na 'n stedelike plaaslike bestuur word, met betrekking tot 'n gebied ten opsigte waarvan enige bevoegdhede ingevolge 'n lasgewing kragtens subartikel (4) deur die Direkteur uitgeoefen moet word, as 'n verwysing na die Direkteur uitgelê.

Prosedure by oortreding van regulasies.

33. (1) 'n Deur 'n stedelike plaaslike bestuur daartoe gemagtigde persoon kan van die bestuurder van 'n voertuig op 'n openbare pad geleë in 'n gebied binne die regsgebied van dié stedelike plaaslike bestuur wat die onderwerp van 'n verklaring kragtens artikel 32(1) is, eis dat hy die voertuig tot stilstand bring, en kan die voorgeskrewe ondersoek van enige voertuig op so 'n pad uitvoer of aan die persoon wat ingevolge 'n wetsbepaling as die eienaar van die voertuig geregistreer is, 'n skriftelike kennisgewing bestel of laat bestel waarin hy aangesê word om dié voertuig binne 'n tydperk en op 'n plek in die kennisgewing vermeld, beskikbaar te stel vir die voorgeskrewe ondersoek deur die aldus gemagtigde persoon of iemand deur hom aangewys.

(2) Indien na ondersoek van 'n voertuig kragtens subartikel (1) die persoon wat die ondersoek uitgevoer het, oortuig is dat skadelike of hinderlike dampe in stryd met die bepalings van 'n regulasie kragtens artikel 35, uit die voertuig uitgelaat word, moet bedoelde persoon aan die persoon wat ingevolge 'n wetsbepaling as die eienaar van daardie voertuig geregistreer is, 'n skriftelike kennisgewing bestel of laat bestel waarin hy aangesê word —

(3) Subject to the provisions of subsection (4), the powers conferred by this Part on urban local authorities shall, in respect of any area within the jurisdiction of an urban local authority which is the subject of a declaration under subsection (1), be exercised by that urban local authority.

(4) (a) If the Executive Committee is of the opinion that an urban local authority has not satisfactorily exercised the powers which it is in terms of subsection (3) required to exercise, the Executive Committee may, after consultation with that urban local authority, direct that the said powers shall be exercised by the Director and may in that event recover from that urban local authority the costs incurred by the Director in the exercise of the said powers.

(b) Any direction in terms of paragraph (a) shall be promulgated by notice in the *Official Gazette.*

(5) The Executive Committee may at any time withdraw any declaration or direction under this section, which withdrawal shall be promulgated by notice in the *Official Gazette.*

(6) Any reference in this Part to an urban local authority shall in relation to any area in respect of which any powers are in terms of a direction under subsection (4) required to be exercised by the Director, be construed as a reference to the Director.

Procedure in event of contravention of regulations.

33. (1) A person authorised thereto by an urban local authority may demand from a driver of a vehicle on a public road situate in any area within the area of jurisdiction of that urban local authority, which is the subject of a declaration under section 32(1), that he brings the vehicle to a stop, and may carry out the prescribed examination of any vehicle on such a road, or may serve or cause to be served on the person registered in terms of any law as the owner of the vehicle a notice in writing, calling upon him to make that vehicle available, within a period and at a place specified in the notice, for the prescribed examination by the person so authorised or a person designated by him.

(2) If after examination of any vehicle under subsection (1), the person who carried out the examination is satisfied that noxious or offensive fumes are being emitted from such vehicle contrary to the provisions of a regulation under section 35, such person shall serve or cause to be served on the person registered in terms of any law as the owner of that vehicle a notice in writing calling upon him —

(a) om die nodige stappe te doen om die uitlating van bedoelde skadelike of hinderlike dampe uit daardie voertuig te verhoed; en

(b) om die voertuig binne 'n tydperk en op 'n plek in die kennisgewing vermeld, beskikbaar te stel vir die voorgeskrewe ondersoek deur iemand gemagtig soos in subartikel (1) beoog, of iemand deur hom aangewys.

(3) 'n Kennisgewing kragtens hierdie artikel word bestel aan die eienaar van die voertuig in die kennisgewing bedoel deur dit aan hom te oorhandig of deur dit per aangetekende pos na sy laaste bekende adres aan hom te stuur.

(4) Iemand wat versuim om aan 'n vereiste of die bepalings van 'n kennisgewing kragtens hierdie artikel, te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Besware

34. (1) Iemand wat hom veronreg ag deur 'n kragtens artikel 33(2) aan hom bestelde kennisgewing kan binne veertien dae na die datum waarop die kennisgewing bestel is of binne die verdere tydperk wat die Uitvoerende Komitee op goeie en voldoende gronde toelaat, skriftelik by die Uitvoerende Komitee beswaar aanteken teen daardie kennisgewing.

(2) Die bepalings van artikel 9(2), (3), (4) en (5) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n beswaar ingevolge subartikel (1).

Regulasies in verband met dampe wat deur voertuie uitgelaat word.

35. (1) Die Uitvoerende Komitee kan regulasies uitvaardig —

(a) waarby die gebruik op 'n openbare pad binne 'n gebied wat die onderwerp van 'n verklaring kragtens artikel 32(1) is, verbied word van 'n voertuig waaruit skadelike of hinderlike dampe in die regulasies vermeld of skadelike of hinderlike dampe wat van 'n donkerder kleur of groter digtheid of inhoud is as wat aldus vermeld word, uitgelaat word;

(b) waarby die stappe voorgeskryf word wat gedoen moet word om te verhoed dat skadelike of hinderlike dampe in stryd met 'n regulasie uitgevaardig kragtens paragraaf (a) uit 'n voertuig uitgelaat word; en

(c) waarby die metodes voorgeskryf word wat toegepas moet word om te bepaal of 'n voertuig skadelike of hinderlike dampe in stryd met 'n regulasie uitgevaardig kragtens paragraaf (a) uitlaat.

(2) Verskillende regulasies kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van voertuie van verskillende klasse of kategorieë uitgevaardig word.

(a) to take the necessary steps for preventing the emission of the said noxious or offensive fumes from that vehicle; and

(b) to make that vehicle available, within a period and at a place specified in the notice, for the prescribed examination by a person authorised as contemplated in subsection (1), or a person designated by him.

(3) A notice under this section shall be served on the owner of the vehicle referred to in the notice by delivering it to him or by transmitting it to him by post under registered cover at his last known address.

(4) Any person who fails to comply with any requirement or the provisions of any notice under this section shall be guilty of an offence.

34. (1) Any person who feels aggrieved by a notice served on him under section 33(2) may, within fourteen days after the date on which the notice was served, or within such further period as the Executive Committee may allow for good and sufficient reasons, lodge an objection to such notice with the Executive Committee in writing. Objections.

(2) The provisions of section 9(2), (3), (4) and (5) shall *mutatis mutandis* apply in regard to an objection in terms of subsection (1).

35. (1) The Executive Committee may make regulations — Regulations in connection with fumes emitted by vehicles.

(a) prohibiting the use on any public road within any area which is the subject of a declaration under section 32(1) of any vehicle from which noxious or offensive fumes specified in such regulations or noxious or offensive fumes which are of a darker colour or greater density or content than is so specified are emitted;

(b) prescribing the steps that shall be taken to prevent the emission from any vehicle of noxious or offensive fumes contrary to any regulation made under paragraph (a); and

(c) prescribing the methods that shall be applied in order to determine whether any vehicle emits noxious or offensive fumes contrary to any regulation made under paragraph (a).

(2) Different regulations may be made under subsection (1) in respect of different classes or categories of vehicles.

Inspeksie van voertuie.

36. (1) 'n Stedelike plaaslike bestuur ten opsigte van wie se regsgebied 'n verklaring kragtens artikel 32(1) geld, kan enigiemand in sy diens magtig –

(a) om van die bestuurder van 'n voertuig op 'n openbare pad binne daardie gebied te eis dat hy die voertuig tot stilstand moet bring, en om so 'n voertuig aan te hou en te inspekteer;

(b) om 'n voertuig wat die onderwerp van 'n kennisgewing kragtens artikel 33(2) is, te inspekteer.

(2) Iemand wat kragtens subartikel (1) gemagtig is, moet voorsien word van 'n sertifikaat wat onderteken is deur 'n amptenaar wat die stedelike plaaslike bestuur aangewys het en waarin aangedui word dat so iemand aldus gemagtig is.

(3) Iemand wat kragtens subartikel (1) gemagtig is, kan, by voorlegging deur hom aan die persoon belas met die toesig oor die voertuig, van die in subartikel (2) bedoelde sertifikaat –

(a) te eniger tyd van die bestuurder van 'n voertuig op 'n openbare pad in 'n gebied wat –

(i) geleë is binne die regsgebied van die stedelike plaaslike bestuur by wie hy in diens is; en

(ii) die onderwerp is van 'n verklaring kragtens artikel 32(1),

eis dat hy die voertuig tot stilstand moet bring en so 'n voertuig aanhou, betree en ondersoek indien hy van oordeel is dat skadelike of hinderlike dampe in stryd met 'n regulasie kragtens artikel 35(1)(a) uitgevaardig uit dié voertuig uitgelaat word;

(b) 'n voertuig wat die onderwerp van 'n kennisgewing kragtens artikel 33(2) is, betree en ondersoek.

(4) Iemand wat versuim om 'n voertuig soos voormeld op 'n openbare pad tot stilstand te bring wanneer dit deur 'n kragtens subartikel (1) gemagtigde persoon geëis word of wat versuim of weier om 'n aldus gemagtigde persoon op die voertuig toe te laat of 'n aldus gemagtigde persoon by die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie artikel hinder of belemmer, is aan 'n misdryf skuldig.

## DEEL VI.

## ALGEMENE BEPALINGS.

Openbaarmaking van inligting.

37. (1) Niemand mag inligting met betrekking tot 'n vervaardigingsproses of bedryfsgeheim wat by die voortsetting van 'n bepaalde onderneming toegepas word en wat ingevolge hierdie Ordonnansie aan hom verstrek of deur hom verkry is, openbaar maak nie, tensy die openbaarmaking geskied –

36. (1) Any urban local authority in respect of whose area of jurisdiction a declaration under section 32(1) is in operation may authorise any person in its employ – Inspection of vehicles.

(a) to demand from the driver of any vehicle on a public road within that area that he brings the vehicle to a stop and to detain and inspect such vehicle;

(b) to inspect any vehicle which is the subject of a notice under section 33(2).

(2) Any person who has been authorised under subsection (1) shall be furnished with a certificate signed by an officer designated by the urban local authority and indicating that such person has been so authorised.

(3) Any person authorised under subsection (1) may upon production by him, to the person in charge of the vehicle, of the certificate referred to in subsection (2) –

(a) at any time demand from the driver of any vehicle on any public road within an area which –

(i) is situate within the area of jurisdiction of the urban local authority by which he is employed; and

(ii) is the subject of a declaration under section 32(1),

that he brings the vehicle to a stop and detain, enter and examine such vehicle if he is of the opinion that noxious or offensive fumes are emitted from that vehicle contrary to any regulation made under section 35(1)(a);

(b) enter and examine any vehicle which is the subject of a notice under section 33(2).

(4) Any person who fails to bring a vehicle to a stop on a public road as aforesaid whenever that is demanded by any person authorised under subsection (1) or who fails to give or refuses admission to such vehicle to any person so authorised or who hinders or obstructs any person so authorised in the performance of his functions in terms of this section, shall be guilty of an offence.

## PART VI.

## GENERAL PROVISIONS.

37. (1) No person shall disclose any information relating to any manufacturing process or trade secret used in carrying on any particular undertaking which has been furnished to or obtained by him in terms of this Ordinance unless the disclosure is made – Disclosure of information.

(a) met toestemming van die persoon wat daardie onderneming voortsit; of

(b) in verband met die verrigting van sy pligte of werksaamhede ingevolge hierdie Ordonnansie; of

(c) vir die doeleindes van 'n regsgeding wat uit hierdie Ordonnansie ontstaan.

(2) Iemand wat inligting in stryd met die bepalings van subartikel (1) openbaar maak, is aan 'n misdryf skuldig.

Geregshof kan werke magtig en betalings beveel.

38. Indien werke redelikerwys in of in verband met 'n gebou nodig is sodat die gebou vir 'n besondere doel gebruik kan word sonder om enige van die bepalings van hierdie Ordonnansie of daarkragtens uitgevaardigde regulasies te oortree, kan die okkupeerder van die gebou —

(a) as hy uit hoofde van 'n beperking rakende sy belang in die gebou nie in staat is om sonder toestemming van die eienaar van die gebou of iemand anders wat daarin belang het, die werke uit te voer nie, en nie sodanige toestemming kan verkry nie, by 'n bevoegde hof aansoek doen om 'n bevel wat hom magtig om die werke uit te voer; en

(b) as hy meen dat die geheel of 'n deel van die koste verbonde aan die uitvoering van die werke deur die eienaar van die gebou of iemand anders wat daarin belang het, gedra behoort te word, by bedoelde hof aansoek doen om 'n bevel wat daardie eienaar of ander persoon gelas om bedoelde koste of bedoelde deel daarvan te betaal,

en bedoelde hof kan by so 'n aansoek die bevel uitvaardig wat hy, met inagneming van die bepalings van enige regulasies kragtens artikel 40(1) (e) in dié verband uitgevaardig, in die omstandighede regverdig en billik ag.

Reg van toegang tot grond.

39. (1) Die Direkteur of 'n stedelike plaaslike bestuur of iemand aan wie die Direkteur of 'n stedelike plaaslike bestuur bevoegdheid daartoe verleen het of 'n inspekteur of 'n kragtens artikel 30(1) gemagtigde persoon kan grond (behalwe grond wat 'n gebied in 'n fabriek van ontplofbare stowwe uitmaak waar ontplofbare stowwe vervaardig of gehou word) betree en die assistente, werksmense, voertuie, toestelle, instrumente en materiaal saam met hom neem wat hy nodig ag ten einde enige bevoegdhede, pligte of werksaamhede uit te oefen of te verrig of enige werk te onderneem wat deur hierdie Ordonnansie beoog word.

(2) 'n Kragtens artikel 30(1) gemagtigde persoon of 'n inspekteur wat grond aldus betree, moet op aanvraag deur die persoon belas met die toesig oor die grond, die sertifikaat kragtens artikel 30(2) of 2(1)(b), na gelang, aan hom verstrek, voorlê.

(a) with the consent of the person carrying on that undertaking; or

(b) in connection with the performance of his duties or functions in terms of this Ordinance; or

(c) for the purpose of legal proceedings arising out of this Ordinance.

(2) Any person who discloses any information in contravention of the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence.

Court may authorise works and order payments.

38. If works are reasonably necessary in or in connection with a building, in order to enable the building to be used for any particular purpose without contravention of any of the provisions of this Ordinance or any regulations made thereunder, the occupier of the building may –

(a) if by reason of a restriction affecting his interest in the building he is unable to carry out the works without the consent of the owner of the building or some other person having an interest therein, and is unable to obtain such consent, apply to any competent court for an order authorising him to carry out such works; and

(b) if he considers that the whole or any portion of the cost of carrying out the works should be borne by the owner of the building or some other person having an interest therein, apply to such court for an order directing such owner or other person to pay such cost or such portion thereof,

and such court may on any such application make such order as may with due observance of the provisions of any regulations made in that connection under section 40(1)(e), appear to it to be just and equitable in the circumstances.

Right of entry upon land.

39. (1) The Director or any urban local authority or any person empowered thereto by the Director or an urban local authority or an inspector or any person authorised under section 30(1) may enter upon any land (except land which constitutes the explosives area of any explosives factory) and take with him such assistants, workmen, vehicles, appliances, instruments and materials as he may consider necessary for the purpose of exercising or performing any powers, duties or functions, or undertaking any work contemplated by this Ordinance.

(2) Any person authorised under section 30(1) or any inspector who so enters upon any land shall on demand by the person in charge of the land, produce the certificate with which he has been furnished under section 30(2) or 2(1)(b), as the case may be.

(3) Daar word aan elke persoon aan wie bevoegdheid kragtens subartikel (1) verleen is, 'n sertifikaat verstrek wat deur die Direkteur of deur 'n amptenaar wat die stedelike plaaslike bestuur aangewys het, na gelang, onderteken is en waarin aangedui word dat bevoegdheid aldus aan sodanige persoon verleen is en so 'n persoon wat grond betree, moet, op aanvraag deur die persoon belas met die toesig oor die grond, die sertifikaat aldus verstrek, voorlê.

Regulasies.

40. (1) Die Uitvoerende Komitee kan vir die doeltreffender uitvoering van hierdie Ordonnansie regulasies uitvaardig, met inbegrip van regulasies —

(a) aangaande die prosedure by ondersoeke na besware deur 'n kommissie van ondersoek bedoel in artikel 9 en die besoldiging en toelaes en diensvoorwaardes van die lede van sodanige kommissie van ondersoek wat nie in die voltydse diens van die Staat is nie;

(b) aangaande die besoldiging en toelaes, diensvoorwaardes, ampstermyn en verbandhoudende aangeleenthede met betrekking tot 'n persoon bedoel in artikel 2(2) wat nie in die voltydse diens van die Staat is nie;

(c) aangaande die vorm van 'n aansoek om 'n registrasiesertifikaat of voorlopige registrasiesertifikaat en die planne, dokumente en ander inligting wat tesame en in verband met so 'n aansoek voorgelê moet word, die gelde wat in verband met so 'n aansoek of 'n beswaar ingevolge hierdie Ordonnansie betaal moet word, en die omstandighede waaronder die gelde in verband met so 'n beswaar betaal, terugbetaal moet word;

(d) aangaande die vorm van 'n registrasiesertifikaat of voorlopige registrasiesertifikaat;

(e) aangaande die aangeleenthede wat die hof in ag moet neem by die bepaling van die gedeelte van die koste van veranderings aan 'n gebou in artikel 38 bedoel wat deur die eienaar gedra moet word, en hoe daardie koste wat aldus gedra moet word by wyse van 'n verhoging van huurgeld of anders verhaal moet word, en die aangeleenthede wat in aanmerking geneem moet word op grond waarvan 'n benadeelde persoon kragtens artikel 13 gelas kan word om die koste van uitvoering van werke of inrig van toestelle te betaal of daartoe by te dra, asook die wyse waarop aldus betaal of bygedra moet word, hetsy in kontant of andersins;

(f) (i) waarby die vereistes voorgeskryf word waaraan bepaalde soorte of tipes brandstofverbruikende toestelle moet voldoen;

(3) Any person to whom any powers have been granted under subsection (1) shall be furnished with a certificate signed by the Director, or an officer designated by the urban local authority, as the case may be, and indicating that such person has been so empowered and any such person entering upon land shall on demand by the person in charge of the land produce the ceritficate with which he has been so furnished.

**40.** The Executive Committee may make regulations for the more effective administration of this Ordinance, including regulations — Regulations.

(a) as to the procedure at enquiries into objections by a commission of enquiry referred to in section 9 and the remuneration and allowances and conditions of service of members of any such commission of enquiry who are not in the full-time employment of the State;

(b) as to the remuneration and allowances conditions of service, tenure of office and matters incidental thereto in relation to any person referred to in section 2(2) who is not in the full-time employment of the State;

(c) as to the form of any application for any registration certificate or provisional registration certificate and the plans, documents and other information to be submitted together and in connection with any such application, the fees to be paid in connection with any such application or any objection in terms of this Ordinance and the circumstances under which the fees paid in connection with any such objection shall be refunded;

(d) as to the form of any registration certificate or provisional registration certificate;

(e) as to the matters which the court shall take into consideration in determining what portion of the costs of alterations to a building referred to in section 38 shall be borne by the owner, and how those costs which shall be so borne shall be recovered by means of an increase in rent or otherwise, and the matters which shall be taken into consideration under which an aggrieved person may be ordered under section 13 to pay the cost of execution of works or installation of appliances or to contribute towards the same, as well as the manner in which any such payment or contribution shall be made, whether in cash or otherwise;

(f) (i) prescribing the requirements with which any particular kind or type or fuel burning appliances shall comply;

(ii) waarby die vervaardiging of invoer van brandstof-verbruikende toestelle wat nie aan 'n vereiste voorgeskryf kragtens subparagraaf (i) voldoen nie, verbied word, of die gebruik, of verkoop vir gebruik, daarvan in 'n vermelde gebied gereël word;

(g) aangaande die gedeelte van die salaris van 'n rookbeheerbeampte wat ingevolge artikel 16(12)(b) deur die Uitvoerende Komitee betaalbaar is; en

(h) in die algemeen aangaande enige aangeleentheid ten opsigte waarvan dit nodig is om ingevolge hierdie Ordonnansie regulasies uit te vaardig of ten opsigte waarvan die Uitvoerende Komitee dit nodig ag om regulasies uit te vaardig sodat die oogmerke van hierdie Ordonnansie verwesenlik kan word.

(2) Regulasies kragtens subartikel (1)(f) kan ten opsigte van oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen voorsiening maak vir strawwe wat —

(a) in die geval van 'n eerste oortreding, 'n boete van duisend rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van een jaar nie te bowe gaan nie;

(b) in die geval van 'n tweede of latere oortreding, 'n boete van tweeduisend rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van twee jaar nie te bowe gaan nie;

